

# RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2019



PSG GROEP BEPERK

**HERHALENDE VERDIENSTE** ↑9% tot **R10,86** per aandeel

**SVDD-WAARDE** van **R329,73** per aandeel op 18 April 2019

**DIVIDEND VIR DIE JAAR** ↑10% tot **R4,56** per aandeel

## OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in verskeie industrieë insluitend bankwese, finansiële dienste, onderwys, voedsel- en verwante sake, asook vroeëfase-beleggings in sekere groeisektore. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R60mjd.

## PRESTASIE

Die twee sleutelmaatstawwe waarvolgens PSG prestasie meet, is die *som-van-die-dele* ("SVDD")-waarde en *herhalende verdienste* per aandeel, aangesien langtermyn groei in PSG se SVDD-waarde en aandeelprys sal afhang van onder meer volgehoue groei in die *herhalende verdienste* per aandeel van ons onderliggende beleggings.

## SVDD

Die berekening van PSG se SVDD-waarde is eenvoudig en verlang beperkte subjektiwiteit aangesien meer as 90% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 28 Februarie 2019 was die SVDD-waarde per PSG-aandeel R311,45 (2018: R255,17), wat 'n styging van 22% verteenwoordig. Op 18 April 2019 was dit R329,73 per aandeel. Op 28 Februarie 2019 was die vyf-jaar saamgestelde jaarlikse groeikoers ("SJGK") van PSG se SVDD-waarde per aandeel en aandeelprys onderskeidelik 27% en 24%.

Bate/(las)	28 Feb 2017 Rm	28 Feb 2018 Rm	28 Feb 2019 Rm	18 Apr 2019 Rm	Deel van totaal	Vyf-jaar SJGK^^
Capitec*	25 727	29 540	46 351	50 439	67%	48%
PSG Konsult*	6 084	7 048	8 700	8 400	11%	16%
Curro* (Stadio ingesluit tot ontbondeling in Okt 2017)	11 180	7 987	5 714	5 913	8%	(2%)
PSG Alpha	1 909	5 201	4 712	4 683	6%	21%
Stadio* (sedert ontbondeling vanuit Curro in Okt 2017)		2 379	1 253	1 239		
Ander beleggings**	1 909	2 822	3 459	3 444		
Zeder*	5 398	4 823	3 166	3 255	4%	1%
Dipeo**	812	535				n/a
Ander bates	3 586	2 603	1 702	2 237	4%	
Kontant^	1 513	1 000	323	369		
Voorkeuraandeelbeleggings en lenings ontvangbaar^	2 002	1 558	1 297	1 786		
Ander^	71	45	82	82		
<b>Totale bates</b>	<b>54 696</b>	<b>57 737</b>	<b>70 345</b>	<b>74 927</b>	<b>100%</b>	
Ewigdurende voorkeuraandeel-befondsing*	(1 350)	(1 278)	(1 367)	(1 446)		
Ander skuld^	(949)	(949)	(1 020)	(1 535)		
<b>Totale SVDD-waarde</b>	<b>52 397</b>	<b>55 510</b>	<b>67 958</b>	<b>71 946</b>		
<b>Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)</b>	<b>217,5</b>	<b>217,5</b>	<b>218,2</b>	<b>218,2</b>		
<b>SVDD-waarde per aandeel (R)</b>	<b>240,87</b>	<b>255,17</b>	<b>311,45</b>	<b>329,73</b>		27%
<b>Aandeelprys (R)</b>	<b>251,43</b>	<b>217,50</b>	<b>259,78</b>	<b>272,90</b>		24%

\* Genoteer op die JSE Bpk \*\* SVDD-waarde

^ Drawaarde ^^ Gebaseer op aandeelprys/SVDD-waarde per aandeel soos op 28 Feb 2019

Let wel: PSG se huidige SVDD wat verdere inligting bevat is beskikbaar by [www.psggroup.co.za](http://www.psggroup.co.za)

## HERHALENDE VERDIENSTE

PSG se *herhalende verdienste* per aandeel het met 9% gestyg tot R10,86 (2018: R9,94) na pryswaardige prestasie deur Capitec (19% styging), PSG Konsult (4% styging) en Curro (23% styging), teengewerk deur swakker prestasie vanaf PSG Alpha (7% daling) en Zeder (geen styging).

	28 Feb 2017 Rm	28 Feb 2018 Rm	Veran- dering %	28 Feb 2019 Rm
Capitec	1 164	1 369		1 625
PSG Konsult	300	348		361
Curro (Stadio ingesluit tot ontbondeling in Okt 2017)	96	110		137
PSG Alpha (Stadio ingesluit sedert ontbondeling in Okt 2017)	133	172		216
Zeder	275	205		207
Dipeo	(20)	(56)		(29)
PSG Corporate	29	(7)		(45)
Ander (hoofsaaklik voorkeurdividendinkomste)	112	136		84
<b>Herhalende verdienste voor befondsing</b>	<b>2 089</b>	<b>2 277</b>	<b>12</b>	<b>2 556</b>
Befondsing (netto van rente-inkomste)	(104)	(135)		(199)
<b>Herhalende verdienste</b>	<b>1 985</b>	<b>2 142</b>	<b>10</b>	<b>2 357</b>
Nie-herhalende items	160	(186)		(163)
<b>Wesensverdienste</b>	<b>2 145</b>	<b>1 956</b>	<b>12</b>	<b>2 194</b>
Nie-wesensitems	17	(42)		(268)
<b>Toeskryfbare verdienste</b>	<b>2 162</b>	<b>1 914</b>	<b>1</b>	<b>1 926</b>

**Gewegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)**

	2017	2018	2019
<b>Verdienste per aandeel (R)</b>			
- Herhalende	9,27	9,94	10,86
- Wesens-	10,01	9,08	10,11
- Toeskryfbare	10,09	8,88	8,88

**Dividend per aandeel (R)**

PSG se *wesensverdienste* per aandeel het met 11% gestyg hoofsaaklik weens die voorgenoemde styging in *herhalende verdienste* per aandeel, terwyl *toeskryfbare verdienste* per aandeel geen groei getoon het nie weens Zeder se waardedalingsverlies erken op sy belegging in Pionier Voedsel, na aanleiding van 'n daling in laasgenoemde se aandeelprys.

## VOORUITSIGTE

Ten spyte van voor die hand liggende uitdagings, bly PSG positief oor Suid-Afrika en die geleentheid wat dit bied. Ons glo dat PSG se beleggingsportefeulje goed geposisioneer is om bogemiddelde opbrengste aan te hou lewer.

## DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van beskikbare vrye kontantvloeï as 'n gewone dividend te betaal, waarvan ongeveer een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteur het besluit om 'n finale bruto dividend van 304 sent (2018: 277 sent) per aandeel uit inkomstereserwes te verklaar, wat die totale bruto dividend op 456 sent (2018: 415 sent) per aandeel te staan bring vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019.

Die finale dividendbedrag, na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20%, is 243,2 sent per

aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 232 108 050, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums vir hierdie dividendum is:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Dinsdag, 14 Mei 2019
Verhandeling sonder dividend begin	Woensdag, 15 Mei 2019
Rekorddatum	Vrydag, 17 Mei 2019
Betaaldatum	Maandag, 20 Mei 2019

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 15 Mei 2019, en Vrydag, 17 Mei 2019, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

## NAGESIENE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie vrywillige verkorte aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat op Woensdag, 24 April 2019 op die Sekuriteitebeursnuusdiens ("SENS") gepubliseer is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by [www.psggroup.co.za](http://www.psggroup.co.za) of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en in persoon verkry word by die geregistreerde kantoor van die maatskappy of die maatskappy se borgmakelaar. Enige beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS gepubliseer is.

## 'N SPESIALE DANKIE AAN JANNIE MOUTON

Ons wil graag 'n spesiale woord van dank uitspreek aan Jannie Mouton, PSG se stigter en voorsitter van 24 jaar, wat gedurende die oorsigjaar vanaf die direksie afgetree het. Jannie, ons is jou en die span ewig dankbaar vir die fantastiese maatskappy wat julle gebou het en die positiewe bydrae wat julle tot Suid-Afrika gemaak het. Die PSG direksie wens jou net alles van die beste toe.

Namens die direksie

**KK Combi**  
Voorsitter

**Piet Mouton**  
Hoof Uitvoerende Beampste

**Wynand Greeff**  
Hoof Finansiële Beampste

Stellenbosch  
24 April 2019

**PSG GROEP BPK ("die maatskappy")**: Registrasienommer: 1970/008484/06  
JSE Bpk-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

**DIREKTEUR**: ZL Combi (Voorsitter)^, PE Burton^^, FJ Gouws\*\*, WL Greeff (HFB)\*, AM Hlobo^, JA Holtzhausen\*, B Mathews^, JJ Mouton\*\*, PJ Mouton (HUB)\*, CA Otto^  
\* Uitvoerende \*\* Nie-uitvoerende ^ Onafhanklik nie-uitvoerende ^^ Hoof onafhanklik

**MAATSKAPPYSEKRETARIS EN GEREGEREERDE KANTOOR**: PSG Corporate Services (Edms) Bpk, 1ste Verdieping Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

**OORDRAGSEKRETARIS**: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank, 2196; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**BORGMAKELAAR**: PSG Capital

**OUDEITUR**: PricewaterhouseCoopers Geïnk.